

## Die ontwikkeling van studente se interkulturele vaardighede deur 'n buitelandse studie-ervaring: 'n institusionele gevallestudie

---

In Suid Afrika sowel as in ander lande, probeer hoëronderrigsinstitusies op verskeie maniere om meer internasionaal te word en een so 'n manier is deur studente in die buiteland te laat studeer. Buitelandse studie stel studente bloot aan 'n ander universiteit en land, en sodoende verbreed dit hulle uitkyk op die wêreld.

Hierdie studie het die elemente van interkulturele bevoegdheid – wat die studente gevoel hulle bereik het tydens die Universiteit van Stellenbosch se internasionale somerskool (USI) ge-identifiseer. Die navorser het die inhoud van 'blogs' en onderhoude ge-analiseer om uit te vind wat die studente se persepsies van bogenoemde bevoegdheid was en dit vergelyk met dié van ander studente wat somerskole in Europa of Amerika bygewoon het.

Daarna het die navorser 'n konsep gevorm van die elemente van kulturele bevoegdheid wat uniek is aan Suid Afrika en die US, om sodoende die waarde van buitelandse studie in Suid Afrika te bepaal.

Die studie het bevind dat daar drie unieke elemente van interkulturele bevoegdheid, soos deur die studente ervaar tydens 'n kort buitelandse studie ervaring by US, bestaan. Dit is: empatie, *ubuntu* en om oopkop te wees.

Hierdie studie lewer nie slegs 'n bydrae tot die beplanning van die USI in die toekoms nie, dit skep ook 'n geleentheid vir Suid Afrikaanse hoëronderrigsinstitusies om met hulle Europese en Amerikaanse eweknieë saam te werk ten einde die voordele van buitelandse studie in Suid Afrika te bevorder.

---

Werner de Wit

Promotor: Prof Magda Fourie-Malherbe